

KOERSVAS

Jaargang 5 Uitgawe 110 5 Mei 2017

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Trek die streep

Dit is deel van die aard van sosiale strukture dat sommiges lei en ander volg. Hierdie toedrag van sake geld op alle vlakke van menswees, van sosiale geleenthede tot politieke prosesse, van projekte tot standpunte.

Hierdie situasie is meestal voordelig en sinvol. Sonder leiding kan 'n projek skipbreukly, sonder 'n leier sal 'n politieke party in obskureit verdwyn.

In elke konteks van menswees is daar mense wat besondere vermoëns het of aanleer en dan leiding kan neem. Daar is gebore leiers, leiers wat die vaardighede aanleer en leiers wat noodgedwonge na vore moet tree. Nie alle leiers is ewe bedrewe of gewild nie. Nie almal het dieselfde styl nie.

Mense wat verkies om ander te volg, vertrou in 'n mindere of meerdere mate die persone wat voorloop. Soms is daar mense met sterk leierseienskappe wat gewoon geen volgelingen het nie omdat hulle persoonlikhede mense afstoot en soms is daar swak leiers wat 'n ooraanbod van volgelingen het omdat hulle oor baie charisma beskik.

Daar is mense wat leiers word op gebiede waar hulle volgelingen moet wees. Dit gebeur

dat mense na hulle begin kyk vir leiding en dan word hulle verlei om hulle te begewe daar waar hulle geen vaardigheid of reg het om aan ander leiding te gee nie.

Dit is veral mense wat in prominente posisies is wat hieraan blootgestel word. Akteurs is gereeld in 'n posisie waar mense hulle leiding of voorbeeld volg. Die een dissipline waarbinne mense dan hierdie glanspersoonlikhede se leiding volg, is in die area van "opinies". Openbare media hou gereeld hierdie persoonlikhede voor as voorbeelde om te volg, veral daar waar die media en die persoon se ideologie ooreenstem.. Die persoonlikhede kan dan ook so vol van hulself word dat hulle praat waar hulle liever moet stilbly. Daar is natuurlik gevalle waar glanspersoonlikhede met regverdiging uitsprake kan lewer.

Die suksesvolle akteur is die persoon wat daarin kan slaag of homself (haarself) totaal te ledig en die karakter te word wat hulle speel. Die top akteurs kan met dieselfde welslae 'n gemene skurk speel en in 'n volgende rol die opregte, heldhaftige Samaritaan.

As voorbeeld van uiterstes kan ons gaan kyk na Meryl Streep en Steve Hofmeyr. Meryl Streep is, myns insiens, 'n uitstekende aktrise wat haar rolle oortuigend vertolk, of dit nou in die emosioneel uitputtende "Sophie's choice"

is, of in die lawwe lekker-kyk van “Mamma Mia”. Die probleem ontstaan wanneer sy haar waag op die gebied van politiek. Sy weet daarvan bitter min en tog lewer sy by geleentheid politieke kommentaar wat op gevoelens gebaseer is. Daar is dan baie mense wat haar standpunt begin huldig bloot omdat hulle haar idealiseer. Haar standpunt is polities onverantwoordelik en dit sal mense deug om haar flieks te kyk, maar haar politiek te ignoreer.

Steve Hofmeyr aan die ander kant is 'n goeie akteur en een van die beste sangers van ons tyd. Hy het 'n verhoogpersoonlikheid gepaard met 'n nederigheid na die vertoning wat mense aanstaan. Hy het hom gaan ingrawe in die politiek. Hy het met kolonel Boet Botha gaan kuier, die geskiedenis van die Kerkstraatbom eerstehands by hom gehoor. Wanneer hy praat oor die Afrikanersaak, dan is dit ingelig en vanuit die hart. Na hom kan ons luister oor Afrikaner sake; nie blindelings volg nie, maar tog luister.

Ons moet verseker dat ons mense volg wat leiding kan gee, tot ons voordeel. Om te lei vra toewyding, vermoë, kennis, ervaring en vele ander kwaliteite. Om te volg beteken nie om op te hou met dink nie. Om goed te volg, is om oordeelkundig te volg. Trek die streep ten opsigte van leiers.

BERIGTE EN KENNISGEWINGS

GEMEENTENUUS

RUSTENBURG DAMESTEE

Kom geniet saam met ons 'n Dames Oggendtee met gaskunstenaars Henry van Dyk en Estie Pienaar. Kom en geniet haar raakvat sêgoed vir vrou-wees.

Saterdag **13 Mei 2017**, Hervormde Kerk Rustenburg, 9:30 vm. vir 10:00 vm, Koste beloop R150.

Indien enige belangstelling, kontak Mari 084 208 7445 of Lucia 083 265 3341

BYBELVASVRAE

Ds van Rooyen laat weet: Geagte Leraar, ouderlinge, diakens en lidmate.

Ek wil u langs hierdie weg graag die inligting deurgee aangaande die Bybelvasvra 2017. U moet my asb. teen 29 Mei 2017 in kennis stel van die hoeveelheid spanne in u gemeentes wat gaan deelneem. Stuur asb. vir my 'n e-pos met u gemeente naam, streek en hoeveelheid spanne in elke kategorie na davr@vodamail.co.za.

Ek sluit die inligting hierby in.

1. Kategorieë:

- Laerskool
Graad 1 tot 7
- Hoërskool
Graad 8 tot 11
- Ander: Matrieks en alle ander lidmate tot 120 jaar oud.

2. Spanne:

- 'n Span bestaan uit 2 tot 6 deelnemers per span
- Span moet 'n spannaam hê en elke spanlid se naam en van en ouderdom moet op die vraestel aangedui word.

3. Datums

Gemeente vasvra: **30 Julie. 2017**

Streeksvasvra: **13 Augustus. 2017**

Finaal: **27 Augustus. 2017**

4. Bestek:

- Laerskool:
 - o 1 Timoteus
- Hoërskool en Ope afdeling:
 - o 1 en 2 Timoteus
 - o HK Sondae 31 tot 44 (Vraag en Antwoord 83 tot 115)

5. Vraestelle:

Vraestelle in al die onderskeie rondtes moet die volgende afdelings insluit:

- A. Laerskool
- Meervoudige keuse (10 punte)
 - Waar of vals (10 punte)
 - Vul die ontbrekende woorde in (10 punte)
 - Blokkiesraaisel (10 punte)
 - Kort 1 punt antwoorde (10 punte)
- B. Hoërskool en Ope afdeling:
- Meervoudige keuse (15 punte)
 - Waar of vals (15 punte)
 - Vul die ontbrekende woorde in (20 punte)
 - Blokkiesraaisel (15 punte)
 - Kort 1 punt antwoorde (15 punte)
 - Vrae wat 2 of meer punte tel. (20 punte)
- LET WEL, DAT GEMEENTE RONDTE SE VRAESTELLE DEUR DIE GEMEENTE SELF OPGESTEL WORD. VERDERE REËLINGS RONDOM STREEKSVASVRA EN FINALE RONDTE SAL NOG DEURGEGEE WORD
- Met Dank

MAKWASBYEENKOMS 2017

Makwasbyeenkoms vir emeriti en enige ander belangstellende GHG-predikante te Premiemyn DV 9 Junie 2017. Maak die datum nou al vas.

Predikante en hul gades is ook welkom. Tydens die geleentheid sal die boekbekendstelling van "Ek en ons glo" plaasvind. Ons sal graag alle leraars ontvang.

KOMMENTAAR BESKIKBAAR

Die kern van die geloof wat ons bely, is reeds meer as 20 eeue oud. Tog stem ons en die eerste Christene saam. Dit wat ons glo, is dit wat aan hulle toevertrou is en wat hulle geglo het. Hoe werk dit? "EK EN ONS GLO" is die boek wat ons help om ons eie

belydenis te verstaan. Ons word ook by die werk en elders getoets oor ons geloof. Hierdie boek sal ons help om met oortuiging die waarheid aan almal rondom ons te verduidelik. Geskryf in verstaanbare Afrikaans, is hierdie boek 'n baie handige instrument in ons wapenrusting van die geloof.

Die kommentaar van die Apostolicum is beskikbaar @R140 per eksemplaar. Eerste 30 boeke R120. jotto1@absamail.co.za.

082 767 7891 "EK EN ONS GLO:

Sien foto 1 onderaan Koersvas

OORNAG FASILITEITE

Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of e-pos haar by auri@mweb.co.za.

GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.

<http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook preke op **whatsapp** beskikbaar. Kontak Yvette Otto by 072 223 7522 vir meer besonderhede.

DANKBUNDEL

Lidmate wat belangstel in prof HG van der Westhuizen se dankbundel moet met ds Jaap Steenkamp skakel.

GELOOFSBONDKWILT 2 (2017)

Die GHG dames se fondsinsameling is ten bate van ons teologiese studente. Lootjies is beskikbaar by u eie gemeente. (sien foto onder)

Elke gemeente word versoek om 3 of meer lyste se kaartjies te verkoop. Lootjies word tydens die GHG-byeenkoms getrek.

Hoe vorder u gemeente se lootjieverkope?
Het u al lootjies geneem?

Geloofsbond Kwilt 2017/2018

Hierdie jaar gaan ons 2 enkelbed kwilte maak- Een vir 'n seuntjie en een vir 'n dogtertjie. Ons vra weer blokke van die gemeentes wat ons dan aanmekaar sal sit en die kwilt voltooi.

Vir 'n blok vra ons die volgende: Sny 'n blok 27 cm x 27 cm uit 'n bont katoen materiaal in skakerings van pienk vir die dogtertjie en blou vir die seuntjies. Vat die blok en sit iets daarop – 'n ontwerp soos bv. 'n hartjie, blommetjie, skoenlapper ens. wat jy kan kwilt, appliek, borduur met die hand of masjien. Of jy stik net mooi kant of lint daarop of versier dit met siersteke van jou masjien. Moet asseblief nie die blokke stryk nie. Wanneer die blokke klaar is moet dit teen einde Mei aan Oostelike Pietersburg besorg word..

Vir enige navrae kontak Ansie Steyn (083 630 1107)

DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorieboeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com

Ons plaas onveranderd die volgende brief. Die Redaksie stem nie saam met die inhoud van die brief nie. Enkele vrae duik op:

- Wat maak ons met al daardie gedeeltes waar Paulus kettery veroordeel?

- Wat maak ons met die woorde in Openbaring waar verkeerde leerstellings verwerp word?

- Is opregte bedoelings bewys van waarheid en Openbaring.

- Wat is die verskil tussen 'n opregte Christen en 'n opregte Muslim? Sekerlik in die waarheid van die Skrif!

- Is daar naas die Bybel enige ander openbaringswyses?

- Hoe lê God iets op jou hart? *Sola Scriptura!*

- Ons staan by die Redaksioneel van Koersvas 109.

Ek verwys na die artikel wat verskyn het in Koersvas van 21 April 2017, wat handel oor die saamtrek by Bloemfontein gehou 22 April 2017.

Ek het geen twyfel oor die opregtheid waarmee hierdie byeenkoms gereël en aangebied is nie. Angus Buchan noem dit 'n gebeds byeenkoms. Ek kan geen rede vind waarom Angus Buchan as 'n ketter beskou moet word nie, en stem nie saam met die skrywer wat dan wel vir Angus Buchan 'n ketter noem nie.

Angus Buchan word 'n ketter genoem omdat hy beweer hy 'n openbaring van God af ontvang het. Dit moet sekerlik afgelei word van die feit dat mense glo die Bybel die volle openbaring van God bevat en dat geen verdere openbaring van God verwag behoort te word nie. Verder sou 'n mens van Angus Buchan kon verstaan dat hy die opdrag van God af ontvang het om dan so 'n gebedsgeleentheid te reël. Is dit nie nodig om in hierdie geval onderskeid te maak tussen mense wat afvallig raak van regsinnige Christelike geloof en dissipels van Jesus Christus nie? Dissipels van Jesus Christus het gewandel met Jesus. Jesus

gee dan ook die opdrag in Matteus 28;19 aan Sy dissipels om dissipels te maak van alle nasies en ek sou daarom aanneem dat dit Bybels korrek is dat daar vandag dissipels is wat met God, of Jesus of die Heilige Gees sou kon wandel. Ek verkies om dit so te verstaan dat Die Heilige Gees die persoon is wat vandag met mense praat op 'n manier wat elke mens uniek ervaar. Jesus sê egter dat Hy by hulle is „al die dae tot die voleinding van die wêreld”. Waarom wil die skrywer beweer dat Angus Buchan praat van nuwe openbarings aangelas by die Bybel. Dit is tog nie die waarheid nie. Gaan kyk na al die uitnodigings en amptelike aankondigings wat Shalom ministries gemaak het . Hy sê by herhaling dat die enigste persoon wat eer sou ontvang op 22April 2017 Jesus Christus is. Het Angus Buchan aangelas by die Bybel? Het hy gesê dat ons nou 'n ander weergawe van die Bybel moet glo? Die skrywer sê “God praat nie anders met ons as deur die Bybel nie. Sy Gees lei ons daarin om dit te lees en die boodskap te glo” . In Handeling 9 word Saulus se bekering beskryf ,vanaf vers 3:’Toe hy op reis naby Damaskus kom, het daar skielik 'n lig uit die hemel op hom gestraal. Hy het op die grond neergeval en 'n stem vir hom hoor sê: Saul ,Saul waarom vervolg jy My?’ en wat daarop volg. Die gebeure speel af na die uitstorting van die Heilige Gees, Paulus word as dissipel geroep, geroep om dissipels te maak . Mense wat soos hy deur die Gees van God gelei word, die stem van God in sy of haar hart ervaar en kies om gehoorsaam daarop te reageer. Ons leef ook in die tyd na die uitstorting van die Heilige Gees. Ons word self as dissipels geroep en die opdrag gegee om dissipels te maak. Waarom sou God nie op 'n wonderbaarlike manier met ons praat

nie, Hy is tog die God van wonderwerke! Dit is vir my baie tragies dat ons die Evangelie en die vrugte van die Gees afgradeer na die belewenis daarvan. Omdat mense sê hulle hoor nie die Stem van God nie word dit nou 'n reël dat God nie anders met ons praat as deur die Bybel nie. Galasiërs 5;25 sê:”Ons lewe deur die Gees ,laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal.” Die Bybel is tog vol van voorbeelde waar God met mense praat. Of het ons begin glo dat die Bybel 'n boek van uitsonderings is en nie 'n boek van voorbeelde waar God betrokke is in mense se lewens en verhoudings met mense het en met hulle praat nie? Ek kan daarom geen rede vind waarom God nie dit in Angus Buchan se hart kon gelê het om so 'n geleentheid te reël nie. Dit dien geen doel om deur Koersvas afbreek te doen aan die opregtheid van sewehonderd duisend tot 'n miljoen mense wat God se wil afsmeek en tot Hom bid vir ons beskerming nie. Ek was ongelukkig nie self by die byeenkoms nie, maar ek het met verskeie mense wat daar was gepraat en kon hoor dat hulle met diepe afhanklikheid byeen was en dat daar geen poging was om God se arm te draai nie. Die skrywer plaas Shalom ministries midde in die NAR [Nuwe Apostoliese Reformasie] op grond van die kentekens wat hy gebruik. My vraag is of Shalom ministries hulle assosieer met die NAR? kan die skrywer dit bevestig? Sou die Skrywer beweer dat wondertekens en wonderwerke nie meer plaasvind nie? Dan is Paulus ook seker 'n ketter, daar word getuig daarvan dat deur sy gebed tot God mense genees is! Het die media nie ook onwaarhede gepubliseer oor die Geloofsbond toe ons opgestaan het vir die Waarheid nie? En nou glo ons dieselfde media wat sê dat Angus Buchan mense van alle gelowe uitgenooi het

om saam te bid. Dit Terwyl Angus Buchan Duidelik sê dat hierdie 'n Gebedsbyeenkoms is en net Jesus Christus die eer sal ontvang. Ons glo dat Dawid die waarheid praat as Hy sê: God het hom teen die beer en die leeu gehelp, en God sal hom teen Goliat ook help. Maar ons weier om te glo dat wanneer Angus Buchan sê hy het tot God gebid en God het 'n mens lewendig gemaak. Ons preek van kansels af vir mense soos Angus Buchan dat ons Godgegewe geloof versterk moet word deur getuienis oor Dawid, maar wanneer Angus Buchan vir ons sê Die God van wonderwerke wat vir Dawid gehelp het, het weer 'n wonderwerk gedoen en daardeur kan 'n klomp mense tot geloof kom, dan sê ons hy is 'n ketter.

In Handeling 5;38 Gee Gamaliël raad aan die Joodse raad "laat staan hierdie mense en laat hulle los, want as wat hulle wil en wat hulle doen, mensewerk is, sal daar niks van kom nie. Maar as dit van God af kom, sal julle dit nie kan keer nie. Moenie dat dit later blyk dat julle selfs teen God gestry het nie"

En Markus 9;38"Johannes het toe vir Hom gesê: 'Here ons het iemand gesien wat in U naam duiwels uitdrywe. Ons het hom probeer keer, omdat hy ons nie volg nie'. Moet hom nie keer nie,' sê Jesus, want daar is niemand wat 'n kragtige daad in my Naam sal doen en net daarna minagend van my sal kan praat nie, Wie nie teen ons is nie, is vir ons".

Ook Matteus 7;22."Baie sal daardie dag vir my sê. 'Here, Here het ons dan nie in U naam gepreek nie, deur U naam duiwels uitgedryf en deur U Naam baie wonders gedoen nie? Dan sal Ek openlik vir hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van my af, julle wat die wet van God oortree."

"Ek het julle nooit geken nie".....

Laat ons seker maak elke lidmaat van ons gemeentes weet wat dit beteken om 'n wedergebore kind van God te wees, laat ons seker maak ons leer God ken op die manier wat Hy Homself aan ons openbaar. Laat ons soek na die ware Jesus Christus. Hy is getrou, hy sal Homself laat vind deur die wat Hom met hulle hele hart soek!

Ek sal graag wil weet wat ons bereik met artikels wat so afbrekend teenoor ander mense se manier van kerk wees is. Wat bereik ons om mense ongegrond van dwaalleer te beskuldig?

Ken net die NHKA die Weg tot die lewe?
Ken net die Geloofsbond die Weg tot die lewe?

Ken net Shalom Ministries die Weg tot die lewe? Ek dink nie so nie!

Ek sal graag wil hoor of die skrywer van die artikel uit die woord van God dit ontvang het om dit te skryf? God het dit in my hart geplaas om hierdie brief te skryf. [Hier staan ek, ek kan nie anders nie!]